# VERSLAG: TOORWATERPOORT DAGSTAP SATERDAG 29 JUNIE 2024

Saterdag 29 Julie 2024 was ʼn gedeeltelik bewolkte maar lekker wintersoggend toe ʼn groep van altesaam 39 mense vroeg die oggend vanaf Oudtshoorn en ander dele van die Suid-Kaap na die Toorwaterpoort ongeveer 65 km vanaf De Rust op die pad na Willowmore vertrek het om die' Klein Karoo Voetslaanklub (KKVK) se dagstap van sowat 10 km deur die poort te doen. Die groep het skuins na nege aangekom en parkeer by die huis wat Katinka Heyns in haar fliek *Paljas* gebruik het (wat nou as Whistle Stop Cottage bekendstaan en waar die Walters-gesin woon) om van daar af te stap.




*Die KKVK-lede het goeie werk daarvan gemaak om heelwat vriende saam te bring!*

Die stap deur die poort het begin by die eertydse Toorwaterpoort-stasie wat tans redelik vervalle is, en die groep het op en langs die spoorlyn deur die poort gestap. In droër tye kan ʼn mens ook in die rivierbedding stap, maar ná die onlangse baie reën en die vloed water wat langs die spoorlyn in die Trakarivier deur die poort gebruis het, was stap in die rivierbedding onmoontlik. Die rivier het nog steeds geloop en ʼn mens sou dikwels deur die water moes waad as jy dit wou doen.





*Dit is taamlik veilig op die spoorlyn – daar loop nie meer treine nie*

Hoewel die stap op die ongemaklike klippe langs die treinspoor ietwat ongemaklik was, het dit die entoesiastiese groep nie te veel gepla nie en het ons die treinbrug waar die spoorlyn aan die noordekant van die poort die poort verlaat, skuins na elf bereik. By die brug het die groep vertoef

om hulle eet- en drinkgoed te geniet, voordat ons ná sowat ŉ driekwartier weer terug deur die poort vertrek het.

 

*Lekker kuier en saam eet by die treinbrug*

 

*Die Trakarivier wat deur die poort loop, is ŉ sytak van die Olifantsrivier*

Ons was vroegmiddag terug by ons voertuie en het vertrek na die nabygeleë Toorwater warmbron waar daar ŉ sowat 10 cm-dik stroom warm water onophoudelik uit die berg loop. Na bewering kom die water uit dieselfde aar wat die waterbronne by die Calitzdorp Spa en die spa op pad na Barrydale voed.

 

*By die waterbron is ŉ verlate gebou wat voorheen blykbaar ŉ vakansieoord was. In die foto links sit van die stappers met hulle voete in die lekker warm water.*

Baie dankie aan almal vir julle entoesiasme, vriendelikheid en kameraadskap! Tot volgende keer...

**Danie Steyl**